



## Ons gee graag erkenning

“Sawa en Streek Kiepersol gee graag erkenning aan sy lede wat op ’n deurlopende basis onbaatsugtige diens aan ons organisasie lewer. Dis belangrik omdat dit vrywillige diens is wat sonder vergoeding gelewer word.”

So sê Hennie Ferreira wat by die AJV vir nog ’n termyn as streekvoorsitter verkies is. Hy het ’n groot aantal toekennings by die vergadering oorhandig.

“Dis egter belangrik dat dit gedoen word aan die hand van spesifieke kriteria om te verseker dat die stelsel bo verdenking en te alle objektief toegepas word. In hierdie verband het Kiepersol die voordeel dat daar al vir baie jare ’n vaste basis is waarop die evaluering geskied. Deur die jare is noukeurig rekord gehou sodat vorige diens ook in ag geneem kan word.

“By verlede jaar se AJV is die groen lig gegee dat die stelsel aangepas kan word sodat dit in ooreen-

stemming met die kriteria in die gebied Jakaranda gebring kon word. Wat inderwaarheid gebeur het is dat Kiepersol se beproefde stelsel as basis gebruik is om dit te bewerkstellig. Insette is van die ander sewe streke en twee satelliete ontvang en die resultaat was ’n verfynde evalueringstelsel wat alles in ag neem. Krediete word verdien vir bepaalde dienslewering en soos wat dit akkumuleer lei dit tot agtereenvolgende toekennings.

“Dis egter die lid se verantwoordelikheid om die bestuur deurlopend in kennis te stel as hulle saamtrekke buite streekverband bywoon. Hulle moet ook self aansoek doen vir aansporingsplaatjies wat vir elke 10 saamtrekke (streek) en elke 25 (algemeen) gegee word.

“Die proses is deursigtig en besonderhede oor die kriteria is op [www.sawa.org.za](http://www.sawa.org.za) beskikbaar”, het Hennie ten slotte gesê.

## Neusgewig, tru-spieëls moet reg wees



Hennie Ferreira

Sawa-lede moet seker maak dat addisionele tru-spieëls deurgaans gebruik word en dat die neusgewig van woonwaens nie meer as 100 kilogram is nie. Daar moet ook gewaak word dat woonwaens oorlaai word. Daar is aanduidings dat verkeerspolisie noukeuriger op hierdie sake let en dat stywe boetes vir oortredings opgelê kan word.

“Hierdie inligting het by die onlangse NUB-vergadering na vore gekom,” het Hennie aan Kampkrummels gesê.

## Lees binne verder

Oordenking	2
Sawa in breër verband	2
Redakteur sê in die breë	3
Kampnuus	4
Saamtrekdatums	4
Voorsitter sê	5
Sawakalantjies (kleuters)	6
AJV-naweek in beeld	7
Schalk gesels	8
Senior burgers	9
Jongklomp (tienaers)	9
Nuusmakers by AJV	10
Verjaarsdae	11
Lief en leed	11
Toekennings fotobeeld	12

## Hulle geniet jolige AJV-funksie



Fanie en Marie Marx geniet die AJV-funksie wat onlangs by Klein Paradys gehou is. Jolige musiek is deur Schalk Nolte verskaf



## OORDENKING

### Om tweede viool te kan speel

*“Hulle het egter niks geantwoord nie, want hulle het langs die pad met mekaar gestry oor wie van hulle die belangrikste is. <sup>35</sup> Jesus het gaan sit en die twaalf geroep. Hy sê toe vir hulle: “As iemand die eerste wil wees, moet hy die heel laaste en almal se dienaar wees.” (Markus 9:34;35)*

Een van die moeilikste dinge vir Christene om te aanvaar, is dat Jesus nie van ons verwag om leiers te wees nie, maar diensknegte. Dit 'n woord wat so algemeen gebruik word in die kerklike woordeskat sonder om te besef dat daar iets van 'n vernedering en 'n selfverloëning in lê. Daarom is die woord “bediende” met al sy negatiewe konnotasies in ons samelewing meer gepas en verstaanbaar.

Ons is in die eerste plek bediendes van God. Hy is die lewende Here wat sy vinger op die pols van die wêreld hou en wat sy arm uitstrek na alle mense orals op die aardbol. En dis waarheen Hy jou kan stuur: in die donker gangetjies van die wêreld in, of na die wêreld se paleise toe.

Waarheen Hy jou stuur, is egter nie so belangrik nie; wat wel saak maak, is of jy sal gaan waarheen Hy jou stuur.

Sal jy bereid wees om die bediende van die gemeente te wees? Dis 'n bietjie veel gevra, dink jy by jouself. Kan ek nie liever iets anders doen by die kerk nie want ons wil graag erkenning hê wanneer ons ons gewig êrens ingooi. Die dissipels het ook so geredeneer. Hulle wou graag erkenning hê vir hulle opofferings (vgl. Mark. 9:33-35). Maar vir Jesus lê ware leierskap juis in jou gewilligheid om afstand te doen van jou waardigheid. Jy is gestuur om die wêreld se voete te was. Die wêreld weet nie dat die hoogste gesag - niemand minder as die Een wat alles geskep het - jou gestuur het nie. Daarom sal hulle jou nie spesiale behandeling gee nie. Die enigste manier hoe hulle dit sal weet is uit jou optrede. Bedien hulle elke dag met die liefde van God, sodat hulle jou Meester daarbo kan verheerlik.

*Here, ek moet erken dat die blote gedagte om 'n bediende te wees my ongemaklik laat voel. Help my om ander met liefde te bedien sodat hulle U, my Meester in my kan raaksien. (Ds. Johann Symington)*

Breër verband

Sawa streef daarna om

- vir Afrikaans georiënteerde kampeerders die geleentheid te bied om binne 'n Christelike konteks, 'n tuiste te bied waar hulle hul beginsels en kultuur kan uitleef.
- vir kampeerders die geleentheid te bied om saam met geesgenote so bekostigbaar as moontlik te kampeer.
- die belange van SAWA-lede te bevorder deur onderhandeling en samewerking met ander instansies.
- die balans tussen die belange van die mens en die natuur te handhaaf.
- in alles die hand van die Skepper te sien en Hom daarvoor te huldig.



### Streekbestuur 2011-2012

**Voorsitter:** Hennie Ferreira (083 226 176) hennief@agency.co.za

**Ondervoorsitter:** Louis van den Berg (083 277 7307) vdubl@vodamail.co.za

**Sekretaris:** Ina van den Berg (079 393 3977) jannie.ina@gmail.com

**Penningmeester:** Rigard Lemmer (082 786 9928) rigard.lemmer@treasury.gov.za

**Redakteur:** Johann Lemmer (012 653 2745) lemmerj@mweb.co.za

**Senior burgers:** Frank Smith (012 654 3135) frank.hettie@vodamail.co.za

**Addisionele lede:** Schalk Nolte (012 345 1605), Ronelle King (012 664 6611)

André Baker (012 654 6127)

**Bankbesonderhede:** Sawa Kiepersol, ABSA Centurion 600 810 499

Oor Sawa in die breë sê die Redakteur:

## Nominasies vir topbesture gemaak en goeie inligtingsessie by oop NUB gehou

**Nominasies vir President, die Dagbestuur en area-verteenwoordigers is by die NUB gemaak wat op 13 Augustus te Bloekompoort naby Vereeniging gehou is.**



Johann Lemmer

Nico Spaumer is onbestrede as President genomineer. Die huidige ondervoorsitter, Chris Delpport, het na baie jare van diens in Sawa-besture besluit om hom nie weer beskikbaar te stel nie. Jannie Meyer (Elandsrand) is onbestrede in die posisie genomineer. Die ander lede van die Dagbestuur is ook onbestrede naamlik Jurie Dreyer (voorsitter), Willie Bronkhorst (sekretaris), Fanie Jordaan (penningmeester) en André Knoetze (skakelbeampte).

By die vergadering, waar bestuurslede van streke en satelliete teenwoordig was, is ondermeer voorgestelde grondwetwysigings bespreek. Dit gaan veral oor artikel 2.5 in die Sawa-grondwet wat oor gebiedsbesture handel. Dis in totaal herskryf om voorsiening te maak vir die nuwe struktuur van area-verteenwoordigers.

Die RSA word in vier areas verdeel wat uiteraard groot geografiese gebiede tot gevolg het wat elk deur een area-verteenwoordiger hanteer sal moet word. So sal die Noord-area uit tien streke en twee satelliete bestaan (411 lede), Oos-area uit agte streke en drie satelliete (477 lede), Suid-area uit ses streke en twee satelliete (407 lede) en Wes-area uit twaalf streke en een satelliet (392 lede). Daar word voorsien dat daar baie van elektroniese hulpmiddels soos telefoonkonferensies ens. Gebruik gemaak sal word eerder as om fisies by streke uit te kom.

Die area-verteenwoordigers sal jaarlik by die kongres deur die afgevaardigdes van die streke in die betrokke area (en dagbestuurslede) verkies word. Die volgende nominasies vir die area-beamptes wat by die

NUB gemaak is, is onderhewig aan die goedkeuring van die voorgestelde grondwetwysigings: Noord: Mel Ueckermann en Pieter van Biljon; Oos: Lance Batts en Jan Viljoen; Wes: Francois Groenewald en Anton Koekemoer; Suid: Fred Schmiedeskamp.

Jurie Dreyer, nasionale voorsitter, het na afloop van die vergadering gesê dat dit 'n goeie inligtingsessie was. Behalwe die gevolglike wysigings wat die nuwe artikel 2.5 meebring, het Jurie ook na ander voorgestelde grondwetwysigings verwys. Lede sal voortaan die reg hê om onbeperk van streek te verwissel as hulle met die nuwe streek die nodige reëlings kan tref. Daar word ook 'n deel aan satellietstreke gewy wat een stem per satelliet by die kongres tot gevolg sal hê. Die reëls vir toekennings is ook gewysig sodat erelidmaatskap aan ouer lede oorweeg kan word wat vir 'n minimumtydperk van tien jaar aktief is en reeds 75 jaar oud is.

President Nico Spaumer het 'n oorsig oor Sawa-ledetalle gegee en veral klem gelê op ledebehoud. Nuwe lede moet nie afgeskeep of verwaarloos word nie. Jan Viljoen (Oos-Rand) het gesê dat nuwe lede voogde moet hê wat hulle in die Sawa-kultuur kan inburger en dat daar na lede gekyk moet word wat by die ouer geslag kan oorneem.

Jurie het ten slotte beklemtoon dat al die voorstelle oor moontlike grondwetwysigings onderhewig is aan goedkeuring deur twee-derde van die stemgeregtigde lede van die Sawa-kongres wat in Oktober by Buffelspoort gehou word.

## Federasie op hoër vlak

Die Federasie van Woonwa- en Kampeerklubs is die oorkoepelende liggaam van die organisasies in hierdie groep. Dis 'n belangrike liggaam wat namens sy lede moet kan praat.

Daar is onlangs 'n grondwetwysiging aangebring en voortaan sal die onderskeie lede-klubs slegs hul mees senior ampsdraers, soos die President, voorsitters en ondervoorsitters, in die NUB en Dagbestuur kan benoem.

Jurie Dreyer is voorsitter van die Federasie.

## Chris Delpport tree uit na 25 jaar in Sawa-besture



Chris en Ansie Delpport het diep spore getrap sedert hulle in September 1985 by Sawa aangesluit het. Net die volgende jaar is Chris

op streek Pretoria se bestuur verkies en sedertdien was hy onafgebroke op Sawa-besture. Hy was onder andere voorsitter van streek Wapadrand, en gebiedsvoorsitter van Jakaranda. In 1997 word hy lid van die dagbestuur, eers as skakelbeampte (9 jaar), en daarna ondervoorsitter vir vyf jaar totdat hy by die kongres in Oktober vanjaar uittree.

Chris en Ansie is erelede en het deur die jare al die ander hoë toekennings van Sawa ontvang.

(Lees volledige berig in SAWANANT en [www.sawa.org.za](http://www.sawa.org.za))



## Lekker Kampnuus



### Twee skape op spit gebraai

Vanjaar se AJV-datum moes verskuif word na 'n week later as wat verlede jaar besluit is omdat die oorspronklike datum oor 'n langnaweek geval het en ons hoogseisoentariet sou moes betaal om te kamp. Die datum het toe weer oorvleuel met die oop NUB vergadering by Bloekompoort wat op 'n laat stadium bepaal is. Vroegoggend is ons voorsitter na die NUB-vergadering en moes terug "jaag" om betyds vir ons AJV-vergadering om 16:00 te wees.

Vanaf tienuur Vrydagoggend het die kampeerders opgedaag en nes geskop. Uiteindelik was daar 22 lede en twee besoekende gesinne teenwoordig. Vrydagaand is 'n ongeskeduleerde braaivleis gehou en daar is heerlik saam gekuier. Saterdag het die NG-Kerk Dalunie 'n basaar op die terrein gehou wat goed deur ons lede ondersteun is. Twee van ons dames, Martie Maritz en Alida Venter, het hul lywe bloemiste gehou in die "opleiding" en blommerangskikking-kompetisie en het vir hul moeite die eerste en tweede pryse gewen. Daarbenewens het Jaco de Jongh die visvangkompetisie gewen. Ja-nee, laat dit nou maar eens en vir altyd gesê word – ons is 'n streek van wenners. Tannie Lettie Leach het met skriflesing en gebed die vergadering geopen. Die vergadering self is flink hanteer, die bestuur is aangewys, en heelwat lede het toekennings gekry. Christo van der Merwe het met gebed afgesluit. Die name van die nuwe bestuur word elders in die uitgawe van *Kampkrummels* vermeld.

Die twee swaers Fanie Marx en Jannie van den Berg en hul gewillige helpers het, terwyl die vergadering aan die gang was, twee skape op die spit gaar gemaak net buite die saal, maar het met tussenposes vinnig ingeloer om te hoor hoe die vergadering vorder. Hettie, Linda en hulle gewillige helpers het die tafels volgepak met heerlike slaai. Ons inwonende DJ, Schalk Nolte, het vir die musiek gesorg. Verbasend hoe goed sommige oumas nog hul lywe op die dansbaan gaan swaai het.

Sondagoggend het ds. Boshoff die diens waargeneem en klem gelê op die betekenis van name en dat dit jou afkoms en verbintnisse soms bepaal. Daarna is die gebruiklike afsluiting gehou en is daar traag huiswaarts gekeer.

Die weer behoort nou vinnig warmer te word, en ons hoop ons sien julle almal by Weesgerus die naweek van 9-11 September.

#### KAMPKOMMANDANTE:

Frank en Hettie Smith; Louw en Linda de Jager

## Saamtrekdatums

**Volgende kamp: 9 September**  
Weesgerus. Skakel direk met  
Pieter van Biljon by 012 654 1470

**21 Oktober: Nuwe Shangrila**

**30 Oktober - 13 Nov.**  
Tweede Drakensbergtoer  
Navrae: Frank Smith by 012 654 3135

**25 November: Joos Becker**  
Kersboomsaamtrek  
Bring gerus die kleinkinders saam

### Saamtrekke vir 2012

**27 Januarie: Monateng**  
Seniors vanaf Woensdag

**24 Februarie: Drie Berge**

**16 Maart: Marula**

**6 April: Presidente**

**25 Mei: Buffelspoort**

**15 Junie: Winterkamp**

**18 Augustus: AJV Klein Paradys**

**7 September: Mutango Lodge**

**22 September: Kongres (Hartenbos)**

**19 Oktober; Kaia Manzi**

**16 November: Joos Becker (Kersboom)**

## Welkom aan drie nuwe lede

Streek Kiepersol kry drie nuwe gesinne by!  
Dewald en Helien van Biljon het by Klein Paradys aangesluit en twee ander pare is vanaf ander streke oorgeplaas naamlik Blikkies en Wanda Bignaut (Suidwes-Kaap) en Martiens en Bets Joubert (Mooifontein). Baie welkom!

## Die Voorsitter sê Ons fokus op lekker kamp, julle voorstelle en insette is welkom

### Hennie Ferreira

**Met die AJV 2011 agter die rug, wil ek graag die volgende beklemtoon:**

-Baie dankie vir die van julle wat kom kamp het die naweek by Klein Paradys.

-Dankie aan almal wat vir die dag uitgekom het om die AJV by te woon.

-Geluk aan elkeen wat erkennings ontvang het.

-’n Besondere woord van dank aan die kampkommandante (Frank, Hettie Smith, Linda en Louwtjie de Jager) wat die naweek en AJV funksie net soveel lekkerder gemaak het.

-Groot dank aan Jannie van den Berg en Fanie Marx vir die spitbraaie en die harde werk wat daarmee gepaard gegaan het.

-Dankie aan Schalk en Marianne Nolte vir die maak van musiek sodat ons almal nog so bietjie kon skoffel die aand.

-Dankie aan die uittredende streekbestuur (Magriet Baker, oom Jerome Henning, Sonja de Jongh) vir hulle bydrae tot Kiepersol. Ons bedank ook hulle gesinne vir hulle bydra en opofferings.

-’n Spesiale woord van verwelkoming aan die nuwe streekbestuurslede: Ina van den Berg as sekretaresse asook André Baker, Schalk Nolte en Ronelle King as addisionele lede.

-Baie dankie aan elkeen wat bereid was om voort te gaan met hulle taak op streekbestuur: Louis van den Berg (ondervoorsitter), Rigard Lemmer (penningmeester, Johann Lemmer (redakteur), Frank Smith (senior burgerverteenwoordiger).

Die jaarprogram soos voorgestel is gefinaliseer. Die AJV het ook ’n eenparige besluit geneem om die afgevaardigdes na Kongres 2011 te magtig om ten gunste van die voorgestelde wysiging van die grondwet, wat voorsiening maak vir struktuur-



Hennie Ferreira

veranderings, te stem. Daar is twee nominasies vir die Noord-area-vertegenwoordigers ontvang naamlik Pieter van Biljon en Mel Ueckermann. Sterkte aan al die areavertegenwoordigers wat by die Kongres 2011 verkies sal word.

Wat nuwe lede betref is ek bly om te bevestig dat Bets en Martiens Joubert van Mooifontein, wat lank reeds saam met ons streek kamp, besluit het om hulle lidmaatskap oor te plaas na Kiepersol. Oom Blikkies en tannie Wanda Blignaut (Wilanda Prinsloo se ouers), wat oudlede van Kiepersol was voordat hulle Kaap toe verhuis het, is terug in Pretoria en het ook hulle lidmaatskap na Kiepersol laat oorplaas. Nuwe lede Dewald en Helmien van Biljon het ook aangesluit. Hartlik welkom aan die drie gesinne en ons hoop dat ons nog baie lekker sal saam kamp.

Die volgende kamp is die gebiedskamp te Weesgerus die naweek van 9 tot 11 September 2011. Bel asseblief vir Pieter van Biljon as julle nog wil saamgaan by 012 654 1470. Ons streek se volgende kamp is te Shangrila die naweek van 21 tot 23 Oktober 2011. Ek maak nou reeds verskoning dat ek en Hannie nie sal kan kamp die naweek nie aangesien ons uitstendig en reeds ander verpligtinge die naweek het. Ons soek wel na kampkommandante vir die Shangrila-naweek, en skakel asseblief vir my indien julle beskikbaar is.

Die fokus van ons saamtrekke bly lekker kamp en as daar enige voorstelle in die verband is, doen

ons as bestuur ’n beroep op julle insette en voorstelle.

’n Belangrike aspek wat by die oop NUB bespreek is, is die verpligte gebruik van bykomende tru-spieëls ten alle tye wanneer ’n woonwa gesleep word. Die neusgewig moet ook nie 100 kg oorskry nie. Daar is ook op gewys dat die kante van teerpaai soms opbreek en bande op die manier verloor kan word.

Ons het verder sommige artikels in streek Kiepersol se Sawa-winkel wat teen halfprys verkoop word en ek doen ’n beroep dat ons lede by die volgende streekkamp daarna sal kyk. Daar is weer sangboekies beskikbaar teen R20.

Ek sluit graag af met ’n aanhaling van Carol Williams :

*“Die fabriek wat die heel belangrikste produk lewer, is die huisgesin”*

### Groeteboodsappe by AJV oorgedra

Groeteboodsappe van Jurie Dreyer en Pieter van Biljon is by die onlangse AJV deur Hennie Ferreira oorgedra.

Jurie het namens die Dagbestuur laat weet sy beste wense vergesel Kiepersol vir nog ’n goeie jaar.

Pieter en Johanna het hulle dank aan die bestuur oorgedra en sterkte toegewens met die uitvoering van besluite wat geneem word. Hulle het ook na die voorgestelde nuwe bedeling in die Sawa-struktuur verwys en ’n beroep gedoen dat dit positief benader sal word sodat sukses tot voordeel van ons geliefde organisasie behaal sal word.

“Moenie vergeet om jou lewe te geniet nie”, het hulle bygevoeg.

### Tandartse by Elwierda Apteek

Dr René Pretorius

Dr Tania Erikson

Telefoon: 012 653 6154

# Storie vir Sawa Kalantjies



## Katryn verras haar juffrou

“Kom, Katryn, ruim gou-gou op, dis tyd om kleuterskool toe te gaan!”

“Ja, Mamma, kan ek nie maal my plinses Babie saamneem nie, ek sal haal mooi oppas?”

“Liewer nie, my kind, nou-nou word sy vuil en lelik of een van jou maatjies by die skool breek haar dalk.”

“Ag, olaait!”

Katryn ruim gou op, kry haar tas, en spring in die motor. Sy hou baie van haar kleuterskool. Sy is baie lief vir haar juffrou en sy hou van haar maatjies. Die skole sluit vandag, more begin die skoolvakansie.

“Tata Katryn”, sê Juffrou toe Mamma vir Katryn by die skool kom haal. “Jy moet soet wees en lekker vakansie hou, en bring vir my ’n oulike verrassing saam soos ’n mooi skulpie of veertjie wat jy opgetel het.”

Katryn wonder watse verrassing sy tog vir haar juffrou

kan gee na die vakansie. Maar daardie selfde aand gee Pappa en Mamma vir haar ’n idee... Sy sukkel al lank om ’n “r” reg te sê. Maar dit kom altyd uit as “l” en maak nie saak hoe hard Katryn probeer nie, haar woordjies klink maar net nie dieselfde as ander mense s’n nie. Pappa sê dat sy elke dag ’n bietjie moet oefen om dit reg te sê en dan elke aand voordat sy aan die slaap raak, moet sy haarself indink hoe sy “rooi ribbok ram staan teen die rand” vir haar juffrou gaan sê, met r’e en nie met l’e nie.

Elke aand as Katryn in haar warm bedjie lê oefen sy dit oor en oor totdat sy dit regkry.

“Sjoe, ek dink my juffrou gaan nie kan glo dat ek dit regkry nie”, dink Katryn. “Dis die eerste woorde wat ek vir my juffrou na die skoolvakansie gaan sê!”

“R..r..rooi R..ribbok ram! Rooi ribbok ram!” Juffrou kyk verras op. “En nou Katryn, waar het jy geleer om so mooi te praat? Sê dit weer, dis die mooiste woorde wat ek nog vandag gehoor het!”, sê Juffrou terwyl sy haar arms om Katryn sit en vir haar ’n stywe drukkie gee.

Katryn se hartjie voel so lekker warm en sy sê “Juffjou... juffr..rou, die r..r.. is juffr. rrou se veja.. ver..rassing!”

(Tannie Wilma Coetzee)

## Katryn met haar pop ‘plinses’ Babie



## Pretoria-Noord Toyota

Die enigste onafhanklike Toyota-handelaar in Pretoria



- Nuwe Toyota passasiersvoertuie
- Nuwe Toyota kommersiële voertuie
- 250 Automark gebruikte voertuie
- Egte Toyota onderdele
- Werkswinkel

Pretoria-Noord Toyota bestaan sedert 1983 en ons leef ons motto - "Ons diens en groei" - ten volle uit.

**ALTYD BESKIKBAAR - 250 AUTOMARK-  
GEBUIKTE VOERTUIE**

Pretoria-Noord Toyota  
Gerrit Maritzstraat 597  
PRETORIA-NOORD  
Tel 012-546-0545

19979-2705/09/LEEF/PH



NEEM LEIDING TOYOTA

## BRITS WOONWAENS



### Brits Woonwaens BK

Brits Woonwaens is ongeveer 50km vanaf Pretoria en sowat 100km vanaf die Wes-Rand. Dit is ook die naaste handelaar aan die Jurgens CI Fabrik te Ga Rankuwa. Ons bied die Jurgens, Gypsey, Sprite en Safari reeks aan, asook Jurgens Sleepwaens. Ons produkreeks word met ’n Campworld-winkel aangevul. Produkte soos: Howling Moon, Coleman, Engel, National Luna en talle meer kan hier teen kompeterende pryse gevind word.



Van Deventerstraat 39, Brits  
T. 012 252 5169 F. 012 252 7722  
britswoonwaens@lantic.net www.britscaravans.co.za



# Kiepersol se AJV-naweek by Klein Paradys



Fanie Marx is tevrede met die braai



Jannie, Marie en Fanie saag vleis



Kyk, ons het nog al 10 ons vingers!



Ané vd Merwe, Lettie Leach en Christo vd Merwe



Louw en Linda de Jager, Madelein van den Berg berei slaai voor



Schalk Nolte en Johan van Huyssteen by die musiekbrein



Valerie Briedenhann, Alet Lemmer en Iloma de la Harpe gesels



Die nuwe warm swemgat by Klein Paradys is deeglik ingewy



Die verversingstafel is soos gewoonlik baie goed ondersteun!



Hoopvolle vistermanne geniet die lekker weer



Hierdie Nguni-Afrikaner bulletjie het baie geld vir die basaar verdien



Mooi kampterrein langs een van die damme

**Welkom  
aan  
nuwe  
lede**

Al die foto's in hierdie blad is geneem deur André Baker en Johann Lemmer



Bets en Martiens Joubert



Dewald en Helmien van Biljon



Wanda en Blikkies Blignaut

## Schalk gesels met ou bekendes

Ek en my vrou tjie val toe weer een koue aand in die pad en gaan gesels met iemand waar ons so lank gelede was dat hulle eers vir ons die pad na hulle huis moes beduie. Kan jy dit nou oorvertel! In elk geval, ons is al so gewoon daaraan om sonder 'n GPS in die donker te na 'n huis te soek, dat ons dit amper nie eens meer agterkom dat dit donker is nie! Maar so oor 'n knertsie en 'n glasië sjerrie, kon ons toe baie lekker gesels, en kon ek bietjie in hulle "duistere" verlede rond delf en probeer krap waar dit nie jeuk nie.

Eendag, lank lank gelede, toe vroue nog hoede kerk toe gedra het en die ouderlinge en diakens in gelid met die paadjie afgestap het om voor in die kerk te gaan sit, is Catharina Johanna de Vries in die Moedersbond in Pretoria gebore. (Dit klink asof sy familie kan wees van Casper de Vries, maar sy ontken dit natuurlik ten sterkste). Hier kom nou 'n stukkie historiese agtergrond: Haar pa was 44 jaar lank 'n tegnikus in die Spoorweë, en oorspronklik van Graaff-Reinet, maar haar ouma was 'n klein-niggie van generaal de Wet, en haar opa was familie van Andries Pretorius: Stoere Voortrekker voorouers! Haar ouers het in Pierneefrant in Villieria gebly, en sy was in die Pierneef Laerskool en later in die Hoërskool HF Verwoerd, amper weer terug by die Voortrekkers! Op skool het sy 'n bietjie in die koor gesing, en ook aan atletiek en netbal deelgeneem.

Op pad skool toe het hulle gewoonlik die fietse eers gestoot as gevolg van 'n steil afdraand. Een oggend was hulle egter laat en het toe maar die afdraand op die fietse aangedurf. Alles het letterlik voor die wind gegaan totdat 'n bus skielik voor haar stop en sy agter daarin vasry omdat die remme kwansuis nie gewerk het nie. Haar fiets was in so 'n mate beskadig dat sy dit nie kon ry nie, en na skool die middag "leen" sy toe sommer haar boetie se fiets met die

"drop-handles" en ry huistoe. Haar boetie kom toe eers drie-uur die middag met die stukkende fiets by die huis aangestoot, witwarm van moegheid en ergernis. Sy het nog van baie ongehoorde dinge vertel, maar ek het belowe om niks daarvan te skryf nie, so ek gaan nie! Na skool het sy as haarkapster gekwalifiseer by die Tegniëse Kollege op die hoek van Kerk- en Prinsloostraat.

Intussen het 'n vroedvrou hom in Blackheath tussen Bellville, Kuilsrivier en die Strand op 'n 15 morg plot in die lewe gehelp. Sy pa en broer het hulle eie besigheid bedryf op Tiervlei, en toe hy bietjie groter was, het hy gereeld gaan kyk hoe die Cape Helldrivers op die Goodwood skougronde met hul motors resies jaag. Hy was in 'n plaasskool op Blackheath, nogal die Wimbledon Primêre Skool, met drie klasse en drie onderwysers, en die skoolhoof het vir standerd 4 en 5 klas gegee! Van standerd 4 af is hy na die Paarl Gimnasium, en tot sy groot vreugde het hulle in sy laaste jaar meisies ook begin inneem, nie dat hy nou juis voordeel daaruit getrek het nie! Na matriek sluit hy by die Lugmag se Skool vir Tegniëse Opleiding in Pretoria aan, en hier ontmoet hy toe vir Piet van Niekerk, seun van Jan van Niekerk, wat later betrokke was by die stigting van SAWA. Maar wat belangriker was, was dat dié Piet hom toe aan sy lekker niggie, ene Catharina, voorstel en toe begin die poppe dans! Sy het toe uitgegaan met 'n vriend in die destydse Suidwes, maar om een of ander rede wou sy nie oor haar doen en late met hom uitwei nie. Dit laat 'n mens d(r)ink, nê!


Met een kuier by haar het hy en Piet se vriendin haar een aand met breiwool aan 'n stoel vasgemaak, maar ek kon om die dood nie by haar uitvind wat hulle toe met haar aangevang het nie. Ek kan maar

net raai, en julle moet maar julle verbeelding ook vrye teuels gee! Hy en Piet het eenkeer vir haar gaan haal om vir Jan van Niekerk by die Fonteine te gaan kuier. Die oorsprong van SAWA was blykbaar hier beplan, maar hulle het nie veel daarvan geweet nie, want hulle was net die hele tyd besig gewees om mekaar beter te leer ken, terwyl die arme Piet weer die hele tyd op die uitkyk moes bly vir moontlike roofkykers!

Van 1968 tot 1973 het hulle gesukkel om getroud te raak, en was een en 'n halfjaar verloof, tot hulle uiteindelik in die Pierneefrant gemeente die knoop deurgehaak het! Hy was altesaam 14 jaar in die Lugmag, en het in Februarie 1981 by die destydse Kentron begin werk. Drie jaar na hulle troue is hulle Frankryk toe vir 'n jaar, met 'n drie maandeoue baba seuntjie, en raai wat was sy naam? Louis van den Berg! So teen hierdie tyd weet julle seker al lankal ons praat van Jannie en Ina. Louis is in 1975 gebore, Frikkie in 1978, en hulle spog met vyf kleinkinders. Hulle het in 1994 by SAWA Verwoerdburg aangesluit, en het nou al 98 streek- en 137 algemene kampe agter die rug, ten spyte van die feit dat hulle so pas vyf jaar in Algerië deurgebring het. Ina het my in 2001 van SAWA vertel, en dis hoe ons hier beland het.

Hulle waardeer al die geleenthede wat hulle gehad het, wat andere miskien ontbeer het, en dat hulle nog relatiewe goeie gesondheid geniet. Jannie het saam met sy twee seuns in 'n amptelike Noord-Transvaalse ligawedstryd krieket gespeel, en as 'n familie het hulle al op die Oranjerivier geroei. Hulle waardeer elke geleentheid wat hulle kan kry om saam met hulle familie te wees, en kan saam met Thomas Jefferson sê: "The happiest moments of my life have been the few which I have passed at home in the bosom of my family".





Seniors

## Besoek aan Lugmagemuseum

Frank Smith, senior burgervereenwoordiger

Die seniors se uitstappie het plaasgevind op Woensdag 20 Julie 2011. Luitenant-kolonel Chris Oosthuizen het as toergids opgetree. Hy het 'n punt daarvan gemaak om ons na plekke te neem wat gewoonlik nie besoek word wanneer lugskoue aangebied word nie.

Eers is ons na die lokaal waar daar skilderye deur verskeie bekende militêre kunstenaars uitgestal is. Die skilderye is tonele van die Eerste Wêreldoorlog tot die hede. Van die kunstenaars is reeds oorlede terwyl ander die land permanent verlaat het. Wat 'n jammerte! Gelukkig het ons nog hul nalatenskap op doek. Voorts is ons na die statiese uitstallings waar 'n Duitse Storch verkenningsvliegtuig uitgestal word, een van die min wat nog volledig en in 'n vliegtuigtoestand is. Weens die skaarste aan onderdele word nie meer met haar gevlieg nie. Ons is meegedeel dat daar altyd na 'n vliegtuig as "haar" verwys word. Duitse toeriste wat die museum besoek wil glo niks van die vliegtuig weet nie aangesien dit 'n tydperk verteenwoordig wat hulle wil vergeet. Daar is ook 'n Impala wat aangepas is om lugfoto's te neem. Hiervandaan is ons na 'n uitstalling van die uniforms van Sir Pierre van Ryneveld, stigter van die SA Lugmag, baie netjies en formeel. Daar is 'n volledige reeks modelvliegtuie van dit wat deur die Suid-Afrikaanse Lugmag gebruik is, maar al aan diens onttrek is.

Soos verwag kan word is daar talle voorbeelde van die onderskeie Mirage vliegtuie wat in die verlede gebruik is. Selfs 'n Russiese Mig 21 van die Angolese Lugmag wat gedurende die Grensoorlog op beslag gelê is word uitgestal saam met ons eie vuurpyl vir die lansering van gevorderde satelliete, maar die vervaardiging is weens Amerikaanse inmenging gestaak. 'n Buccaneer saam met 'n Sabre uit die Koreaanse-oorlog vul die betrokke vliegtuigloods.

Ons het op ons eie na die statiese uitstalling in die buitelig gaan kyk. Hier is onder meer 'n Boeing 707 wat as 'n in-vlug bunker platform vir die vervoer van passasiers, vrag en elektroniese oorlogvoering aangewend is. Die vliegtuig is aan diens onttrek aangesien dit herstelwerk benodig het teen 'n bedrag van R1 miljoen. Dis 'n geringe bedrag vir die puik vliegtuig, maar weens besparings is dit nie herstel nie. Voorts is daar ook Impalas, helikopters, Venture-bomwerpers, 'n Shackleton, Mirages en nog 'n Buccaneer. Die oggend was net te kort om alles te besigtig.

Ons sê dankie aan generaal-majoor Ben Vorster (afgetree) wat die besoek gereël het en aan luitenant-kolonel Oosthuizen, ons toergids.

jongklomp



### Tieners vra:

## Hoe kan selfrespek help teen boelies en groepsdruk?

Selfrespek en groepsdruk by tieners is na my mening twee kante van dieselfde munt. Wanneer mens toegee aan groepsdruk gee jy in effek van jou waardes prys. Wanneer jy jou waardes prysgee daal jou selfrespek omdat jy besef jy kon nie staande bly nie. Daarmee saam het die boelie en die persoon en persone wat vir die groepsdruk verantwoordelik is, ook 'n baie groot probleem met selfrespek en dan natuurlik respek vir ander. 'n Boelie wil ander kry om dieselfde leefstyl as hy/sy te handhaaf sodat hy/sy kan sê: "Almal doen dit!"

Boelies en drukgroepe het so min respek vir ander dat hulle nie omgee as hulle optrede ander mense van hulle selfrespek ontnem nie. Derhalwe is dwelms, drank, seksuele losbandigheid en baie ander dinge so 'n groot probleem. Ons probeer tieners met skuldgevoelens sover kry om sekere dinge nie te doen nie of op te hou doen.

Ons weet egter dat die opwek van skuldgevoelens geensins die gewenste uitwerking het nie. Alhoewel die uitspel van die gevolge van sekere optrede meer effektief is, weet ons ook dat tieners dikwels nie baie ver in die toekoms dink nie en in 'n groot mate vir die oomblik lewe.

Ek is van mening dat as ons tieners meer bewus kon maak van die waarde van selfrespek en selfgating ons meer sukses sou behaal.

My selfrespek maak dat ek myself nie verkleineer nie en daarom verkleineer ek ook nie ander nie.

My selfrespek maak dat ek aan my waardes vashou en daarom laat ek jou toe om aan jou waardes vas te hou.

My selfrespek maak dat ek met myself eerlik is en daarom is ek ook met ander eerlik.

Respek vir ander begin by selfrespek.

'n Nuwe leefstyl begin by selfrespek. Die volhou van 'n bepaalde leefstyl is na my mening gekoppel aan die mate van selfrespek. (Attie van Zyl)

## Nuusmakers by die AJV te Klein Paradys



Meer as tien kaartjies vir Romanz verkoop: Johann, Hennie, Linda, Iloma, Sonja, Ronelle, Seef, Frank, Jerome, Chris, Stef, Rigard, Schalk, Louis en Johan (Foto André Baker)



Kampkommandante: Louw, Linda, Hettie, Frank Tannie Lettie open



Rigard lewer verslag oor die finansies



Toerleiers Christo van der Merwe en Frank Smith



Nuwe bestuur: Johann Lemmer, André Baker, Louis van den Berg, Schalk Nolte, Hennie Ferreira, Rigard Lemmer, Ina vd Berg, Frank Smith, Ronelle King



Skakel om 'n afspraak te maak  
**072 949 6293**  
(Maandae gesluit)

Op die hoek van Chris Hougaard en  
Springbokstraat, langs die  
pandjieswinkel, Wierdapark

Kom loer gerus in as jy nog nie hier  
was nie

Parkeer onder groot bome

Ondersteun ons eie mense

## ELWIERDA APTEEK

Elwierda@mweb.co.za  
Noodnommer 082 460 0162

### Kom maak kennis en kry:

- Flinker diens
- Billike Pluspryse
- 'n Goeie luisteroor
- Professionele advies
- Vriendskap vir 'n leeftyd
- Oop sewe dae per week
- Noodure tot agtuur saans
- Aflewering

## Elwierda Apteek

Koedoestraat 184 Wierdapark

Telefoon 012 653 6153 012 653 6172  
Faks: 012 653 6175



# VERJAARSDAE



*Dis vir  
Kampkrummels  
baie aangenaam  
om die mense  
wat hier langs-  
aan vermeld  
word geluk te  
wens met hulle  
verjaarsdae*

## JULIE

1 Fanie Venter

## SEPTEMBER

02 Jannus van den Berg  
04 Eldine Lemmer  
05 Paul Kruger  
07 Jaco de Jongh  
07 Paul Kruger jnr  
08 Theodor Beneke  
10 Martie van der Merwe  
11 Johan Luus  
12 Marina van den Berg  
12 Hettie Smith  
13 Jana van Huyssteen  
16 Simoné Zietsman  
16 Marco Michau  
18 Pat Whelan  
19 Fanie Marx jnr  
19 Jandri Vorster  
20 Linda de Jager  
22 Marthie Maritz  
22 Jake Erasmus  
26 Johann Schoeman  
28 Marie de Swardt



## Lief en leed

Natasha Baker het haar bestuurderslisensie gekry en Jaco de Jongh sy leerlinglisensie

Jannie van den Berg is geopereer en sterk tuis aan

Linda de Jager gaan vir 'n handoperasie

Hennie Ferreira se strandhuis by Brenton-On-Sea het skade opgedoen toe 'n stormsterkwind dakplate afgeruk het

## Kom ry saam op die Gautrein

Almal word hartlik uitgenooi om op 29 September 'n uitstappie op die Gautrein mee te maak. Ons kry mekaar om tienuur by die ingang van die Centurionstasie om in Sandton of Rosebank tee te gaan drink.

**Navrae: Frank Smith 012 654 3135**

## Nog kampnuus

### Luilekker by Manyane

Daar is uitgesien na die winterkamp by Manyane in die Pilansberg ten einde van die koue van Centurion te ontsnap. Ongelukkig het dit nie so uitgewerk nie. Alhoewel die dae lekker warm was, was van die nagte maar geniepsig koud.

Ewenwel, ons het eers Dinsdag 26 Julie na Manyane vertrek sodat die uwe eers die 25ste sy verjaarsdag tuis kon vier. Met ons, die eerste van die Kiepersoliede, se aankoms was daar reeds baie woonwaens van die ander streke maar geen siel was te bespeur nie. Spoedig is 'n geskikte staanplek gekry en kamp opgeslaan.

Woensdagmiddag het van ons Sun City toe gery om op die terrein te gaan stap en het die geleentheid aangegryp om 'n bietjie met "Oom Sol" se masjiene te gaan kennis maak. Met JJJ se verduideliking en van die toesighouers daar het ek en vroulied begin verstaan hoe die goed werk. 'n Kaartjie is gekoop, in die masjien gedruk en R20-00 in die gapende mond van die masjien geplaas. Om 'n lang storie kort te maak, ek het die beste rente op my R20-00 belegging gekry toe ek daaruit kon stap met R1030-00 plus nog die R20-00 deposito op die kaartjie. Donderdagoggend is ons meegedeel dat Bakgatla se restaurant die heel beste "lambshanks" voorsit, en 'n hele klomp van ons het die pad soontoe gevat.

Vrydag was dit heel bedrywing met almal se aankoms en kamp opslaan. 'n Groot bobbejaan is vort met Everdt Combrinck se muesli en 'n pakkie koekies.

Die dae is deurgebring deur laat te slaap en wildritte te onderneem. Die aande is na die gebruikelike boekevat gesellig om kampvure deurgebring. Dit bly maar interessant om so na die staaltjies van die ouer lede te luister oor hoe dit in die verlede op toere en saamtrekke gegaan het.

Sirkel A in dié kamp is vir die toekoms nie aan te beveil nie aangesien die tentbewoners ook die ablusieblok gebruik wat soms lei tot water wat nie baie warm is nie.

Dit is net verbasend hoe gou die dae verby geflits het, en spoedig was dit Sondag. Soos so baie kere in die verlede was ons voertuig se sleutels soek, en moes ons maar weer oorbly tot Maandag saam met Theuns en Magdanel Botha. Ag ja, so word opofferinge gevra.

## Frank en Hettie Smith, senior verteenwoordigers

### Nog beddegoed benodig

Daar was 'n oorweldigende reaksie nadat 'n beroep op lede gedoen is om beddegoed saam te bring na die AJV toe. Die nood bly egter hoog en dit sal baie waardeer word as die kersboomsaamtrek by Joos Becker ook gebruik kan word om 'n donasie in die vorm van klere en beddegoed aan ons Helpende Hand-projek beskikbaar te stel (Streekbestuur).

# Hulle het toekennings gekry



*Bywoning: Fanie en Alida Venter, Marthie en Stef Maritz, Frank en Hettie Smith, Willem en Sonja de Jongh, Frieda Burger, Schalk en Marianne Nolte, Alet Lemmer, Susan en Seef Delpport, Marie en Fanie Marx, Hennie en Hannie Ferreira, Johann Lemmer (Foto André Baker)*

## Hennie lewer verslag



*Gebiedsmeriete en Streekmeriete: Hennie Ferreira*



*Gebieds Ere: Fanie Marx*



*Gebiedsmeriete: Johann Lemmer en Louis vd Berg*



*Streekmeriete: Frieda Burger*



*Streekmeriete: Fanie Venter*



*Streekmeriete en besondere diens: Hettie en Frank Smith*



*Kategese: Alet Lemmer*



*Streekmeriete: Jerome Henning*



*Streekmeriete en Musiekpret: Marianne en Schalk Nolte*



*Streekmeriete: Bertus Voges*